

<u>Wie</u>	<u>Wat</u>	<u>Detail</u>	<u>Bord/Klank</u>
Christien	Voorsang		Tobie
Liturg	Groet		
Liturg	Gebed		
		<u>JESUS HET OPGEVAAR NA DIE HEMEL</u>	Teks
**	Voorlesing	<p>Luk 24:⁵⁰ Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën. ⁵¹ Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem. ⁵² Hulle het Hom aanbid en met groot blydschap na Jerusalem toe teruggegaan. ⁵³ Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys."</p> <p>Hand 1: ⁹ Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie. ¹⁰ Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan. ¹¹ Dié sê toe vir hulle: "Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."</p>	Teks1
Hannes	Sang	<p>Ges 162:1-5 "Die Heer regeer Hy't opgevaar" Ges 142:1-3 "Kom almal laat jul stem verrys" Ges 189:1-3 "Jesus U gaan voor"</p>	<p>GS162:1-5 GS142:1-3 GS189:1-3</p>
**	Voorlesing	<p>2000 jaar het verloop sedert Jesus se hemelvaart. Wanneer kom Hy terug? Waarom wag Hy solank? Het Hy nie dalk vergeet van ons nie? Is Hy nog betrokke by die wêreld. Of het Hy weggegaan en alles net so gelos? Sien Hy ons nood? Hoor Hy ons gebede? Waar is Hy? Miskien daar ver in die eindelose heelal?</p>	Teks2
		<u>IS HY NOU ONBETROKKE BY DIE WêRELD? NEE, HY REGEER JUIS DIE WêRELD</u>	Teks3
Tobie	Musiek	From a distance (Jubelatum)	Teks4
Liturg	Boodskap	Is Jesus onbetrokke by die wêreld? (Verskeie Skrifgedeeltes)	Skrif
Liturg	Gebed		
Hannes	Sang	<p>Ges 158:1-2 "Loof die Koning alle volke" JG2:1-3 "Aan Jesus Koning al die eer" JR53:1-3 "HY is Heer"</p>	<p>GS158:1-2 JG2:1-3 JR53:1-3</p>

**	Voorlesing	<p>Rom 8:34 ³⁴ "Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons."</p> <p>Hebr 4:14¹⁴ Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. ¹⁵ Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. ¹⁶ Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word."</p> <p>Efe 1:20-21 " ²⁰ (Dit is dieselfde krag) wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het: ²¹ hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy..."</p>	Teks5
Hannes	Tussenspel	JR53 "HY is Heer" (Slegs 1x)	Teks6
		<u>DAAROM MOET HY AANBID WORD AS DIE KONING</u>	Teks7
Liturg	Voorlesing	<p>Joh 14:2 “. ² In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie. ³ En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is."</p> <p>Ja, Jesus het opgevaar na die Hemel. Hy sit aan die regtrehand van God. En van daar regeer Hy die wêreld. Een of ander tyd gaan ons ook soontoe. Hy het vooruit gegaan; ons sal volg. Stel jouself voor dat jy in die Hemelse Heiligdom instap. Jou eerste tree gee binne-in die groot Tabernakel. Daar is skare van mense. Gelowiges uit alle eeue. Duisende en nogmaals duisende. Almal wat gewas is in die bloed van die Lam. Jy stap tussen hulle deur. In die rigting van die troon in die middel van die hemel. Op die troon sit God die Vader. Aan Sy regterhand sit Jesus. Die Koning van die heelal. Jy neem jou plek in voor die troon. Voor die Koning van die konings. Hy wat opgevaar get en regeer tot in alle ewigheid. Meteens roep 'n harde stem: Staan op!</p>	Teks8
Tobie	Musiek	All rise (Scott Wesley Brown)	Teks9
Gemeente	Stilgebed		Stil

Liturg	Voorlesing	<p>Fil 2:9-11 Daarom het God Hom tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke Naam is, sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel is en op die aarde en onder die aarde die knie sou buig, en elke tong sou erken: "Jesus Christus is Here!" tot eer van God die Vader."</p> <p>Ons hoef nie wag tot eendag nie. Hy regeer nou. Hy sorg nou. Hy is nou reeds die Koning. Hy het alle reeds alle mag. Kom ons aanbid Hom!</p>	Teks10
Hannes	Lied	<p>Ges 6:1-3 "Heilig heilig heilig"</p> <p>Ges 183:1- "Heilige Jesus"</p> <p>Ek aanbid U (Hemelvader)</p>	<p>GS6:1-3</p> <p>GS183:1-3</p> <p>Hemelvad</p>
Liturg	Seën		

PREEKSKETS

Hier is die aardbol.

- Oorlog
- Hongersnood
- Misdaad
- Armoede
- Verkragtings
- korrupsie
- moord

Miljoene ligjare van die aarde af is die hemel.

- 'n Plek van rus
- vrede
- harmonie
- oorvloed

Hierdie lied sê: Jesus het opgevaar na die Hemel.

- ver van hier af
- en van die hemel af lyk alles so mooi
- Die aardbol lyk so mooi groen en blou
 - Dit lyk of daar vrede is
 - Dit lyk of daar genoeg kos is
 - Dit lyk of al die mense goed oor die weg kom
 - Dit lyk niemand siek is nie

Ja, sit daar ver en Hy weet nie regtig wat hier aangaan nie.

Want van ver af lyk alles so mooi.

"From a distance"

Die ver God.

Is dit waar?

Beteken hemelvaart dat Jesus weggegaan het?

Beteken hemelvaart dat Jesus kontak verloor het?

Beteken hemelvaart dat Jesus nou ver is?

En nou miljoene kilometers van hier af is?

Weet julle:

Corniël en Emile se oupa en oumas bly in Pretoria.

So paar keer in 'n jaar kom kuier hulle in Potch.

Dis altyd wonderlik.

Dit sou lekker wees as hulle permanent hier kon bly.

Hulle praat daarvan dat hulle dit eendag sal doen.

Maar op hierdie oomblik bly hulle in Pretoria.

En elke keer wanner hulle van daar af hiernatoe kom, is dit wonderlik.

Maar wanneer hulle ry is dit sleg.

- Corniel en Emile kan nie verstaan waarom hulle moet weggaan nie.
- Dit kan dalk lyk of oupa en ouma nie belangstel nie.
- Of dit kan lyk of Potch nie goed genoeg vir hulle is nie.
- Partykeer kan dit selfs lyk of hulle van ons vergeet het.

- Maar dis nie so nie.

Maar eendag in die toekoms, gaan ons soontoe trek
Of hulle gaan hierheen trek.

Hemelvaart sê: Jesus het kom kuier.

Meer as kuier.

Hy het kom sterf.

En op 'n stadium moes Hy teruggaan.

Want dis waar Hy woon.

En werk.

- En 'n mens kan maklik dink dat Hy nie belangstel nie
- Of dat dit hier nie goed genoeg vir Hom is nie.
- Of dat Hy selfs van ons vergeet het.

Maar eendag, gaan ons soontoe trek

Of Hy gaan hierheen trek.

Hemelvaart sê: Hy het kom kuier, en Hy moes weer teruggaan.

Maar Hy het 'n paar belangrike goed gedoen voor Hy teruggegaan het.

1. Die Bose verslaan

- Efe 4: ⁸Daarom sê die Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.”

Beeld van 'n oorlog.

Wanneer 'n oorlog verby is, het die koning almal wat hy verslaan het, saamgeneem.

Hulle hande is vasgemaak.

Hulle voete is geboei.

En dan het hulle agter die koning aan in hierdie optog geloop.

En almal het gewet hulle is verslaan.

- Kol 2:15 "Hy het die bese magte ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as krygsgevangenes in die triomftog van Christus mee te voer."
- 1 Pet 3:22 “²²Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het.”
- Jesus het nie net op 'n dag teruggegaan nie.
- Hy het ons nie in 'n leehok saam met die duiwel gelos nie.
- Hy het die duiwel eers verslaan.
- Hy het hom vasgemaak - met dik staalkettings.
- En toe het Hy teruggegaan.

Eintlik staan hier: Hy het hulle geboei en saam met Hom geneem.

2. Voordat Hy teruggegaan het: Persente uitgedeel

- Efe 4: ⁸Daarom sê die Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.”
 - Wat is hierdie gawes?
- Rigt 5:30 is 'n mooi voorbeeld:

- As die koning gewen het, het Hy die buit verdeel onder Sy manskappe.
 - Elkeen het iets gekry.
 - Elkeen het 'n persent gekry.
 - Jesus gebruik hierdie beeld en sê dat Hy die vyand oorwin het.
 - En alles wat buitgemaak is, gee Hy vir ons.
 - Verdeel Hy tussen ons.
- Joh 16:7 ⁷ "Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur."
- Die grootste geskenk wat Hy vir ons gee, is Sy Gees.
 - As Hy teruggaan, los Hy Sy Gees by ons.
- Hand 2:33 ³³ "Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor."

3. Hy pleit vir ons

- Rom 8:34 ³⁴ "Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons."
 - Hebr 9:24 ²⁴ "Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn."
- Wat doen die Here Jesus in die hemel?
 - Hy tree in vir ons.
 - Hy pleit vir ons.
 - Hy staan in ons plek voor die Vader.
 - Hy kry die straf wat ons sou kry.
 - Elke keer as jy iets verkeers doen, word Hy gestraf.
 - In jou plek.

4. Ontslaglike medelye

- Hebr 4:14 ¹⁴ "Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. ¹⁵ Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie. ¹⁶ Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word."
- Is Jesus daar ver in die Hemel?
 - Lyk alles maar net mooi en goed van daar af?
 - Nee: Hy sien alles wat hier gebeur.
 - En (Hebr 4:14) Hy het onslaglike medelye.
 - = om saam met iemand te ly.
 - Hy is in die hemel, maar Hy ly saam met ons.
 - Hy kry seer as ons seerkry.
 - Ek dink: elke aand as die son op die aarde sak huil Hy ...

- ...oor al die kinders wat vanaand weer in die koue en rook van 'n plakkerkamp moet slaap.
 - Medelye.
 - Compassion.
- Daarom stuur Hy ons: Mat 25
 - medelye
 - Daarom stuur Hy ons: Mat 28
 - medelye

5. Ten slotte: Wat doen Hy in die hemel? Hy regeer

- Nie net oor 'n provinsie nie
- Nie net oor 'n land nie
- Nie net oor 'n vasteland nie
- Nie net oor die wêreld nie

Hy regeer:

- oor die heelal
- oor sterrestelsels
- die geskiedenis
- die hede
- die toekoms
- oor mense, diere, visse, voëls..
- oor engele, serafs, gerubs...

Hoekom het Hy teruggegaan hemel toe?

Om Sy plek in te neem op die troon van die heelal.

Is Hy onbetrokke?

Nee, Hy regeer dan.

Weet Hy van alles wat hier gebeur?

Ja, want Hy het self vir 33 jaar hier gebly.

En terloops: Hy kan oral sien.